## JEUGGROEPE GR. 7 – 10

Alle jeuggroepe graad 7-10 kom na die diens in die saal bymekaar.

## DURBANVILLE/BERGSIG SENIOR KLUB

Lede wat deel is van die uitstappie op Donderdag, **28 September** na Klein Nooitgedacht Plaas – "Kaapse Heuning Fabriek" word herinner dat die bus om *09:30 vanaf Durbanville Gemeente sal vertrek.*

## BADISA TRIO

bied aan
**DOELTREFFENDE OUERSKAP**
*Gasspreker: Karen Badenhorst*
12 Oktober en 9 November.
Plek: NG Stellenberg I Toegang: R50
**RSVP: Sjean (021) 987 2940**

## BADISA ASSESSERING

Badisa Trio benodig dringend R3 000 om 'n boetie en sussie te laat assesseer. Kontak asb. vir **Elzanne by (021) 987 4942.**

## VERBLYF GESOEK VIR DAME

Dringend opsoek na verblyf vir 'n dame wat tussen R1500 en R2000 / maand kan bekostig. Kontak asb. die kerkkantoor vir meer inligting.

## ORGANIESE GROENTETUINE

Huis Aristea benodig hul eie organiese groentetuin en jy kan hulle daarmee help deur 'n werkswinkel oor organiese groetetuine by te woon. JY help jouself deur te leer hoe om jou eie organiese groentetuin te begin EN jy help ook die Seniors om hul eie tuine te begin.

**Wanneer:** 16 en 23 September
**Waar:** Huis Aristea (09:00-16:00)
**Kontak:** Sydney by 076 556 7398 of green4enrichment@gmail.com vir registrasievorms.

## VOORBIDDING

Weet jy van iemand wat siek of in die hospitaal is? Laat weet asb. vir Christa by (021) 975 6370 X103 sodat ons ook vir hulle kan bid / besoek. **Ons dink in ons gebede aan die volgende lidmate wat siek is of behandeling ontvang:**

- Reinette Lochner
- Lawrence De Jongh
- Annemarie Joubert (dankbaar dat die operasie suksesvol afgeloop het)
- Esther Blackaller

## GEBEDSGELEENTHEID

Dinsdagoggend vanaf 08:00 vir 20 min.
**Almal welkom!**

## PULSE TIENERKAMP

Ons nooi alle Tieners Gr. 7 -12 uit om saam te kamp 13-15 Oktober te Kleinmond. Kostes beloop R400/persoon. Kontak **ds. Jana by (021) 975 6370 / 082 614 1728**

## #THE ROCK TIENERS

"Movie Night" was 'n groot sukses, vanaand om 18:00 bespreek ons die fliek. Ons nooi WEER alle Gr. 6 tot 12 uit!

## VERSKEIDENHEIDSKONSERT

ten bate van
**HUIS ARISTEA**
(Bespreek by die kerkkantoor)

*Kunstenaars: Zanne Stapelberg de Lange, Stef Kruger en die Ou Menere.*

**Vrydag, 20 Oktober**
om 14:30 by die Agenbagsaal, Huis Aristea
Toegang: R70 / volwassene
R50 / Pensionaris

**Saterdag, 21 Oktober**
om 18:30 by NGK Bergsig se Ouditorium
Toegang: R70 / volwassene
R50 / Pensionaris en kinders

# GEMEENTEBULLETIN

Durbanville Gemeente

**Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld**


**KERKKANTOOR**
Tel: 021 975 6370
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za
Facebook: Durbanville Gemeente
Instagram: @durbanvillegemeente
Twitter: @Dgemeente


**BANKBESONDERHEDE**
ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente Durbanville.
Verw: *bv. RVos / MDO*

# HARTLIKE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!

| TYD | WAAR | VANDAG 10 SEPTEMBER | VOLGENDE WEEK 17 SEPTEMBER |
|---|---|---|---|
| | | *Teks: Gal. 2: 11 - 21* | *Teks: Psalm 8* |
| 09:00 | **Kerk: Klassieke diens** | Dr. Tinus van Zyl | Ds. Jana Dickason Nagmaal |
| | **Sentrum: Familiediens** | Ds. André Agenbag | Ds. André van Wyk Nagmaal |
| 09:30 | **Jeuggroepe** | Voorskool – Gr. 3 | Voorskool – Gr. 3 |
| 10:00 | **Jeuggroepe** | Gr. 4 – 11 | Gr. 4 – 11 |
| 18:00 | **#theRock (Tieners)** | Ds. Jana Dickason | Ds. Jana Dickason |

## DR. TINUS VAN ZYL BY VGK

Op Sondag, 17 September om 09:00 preek Tinus tydens VGK Durbanville se erediens en almal word hartlik uitgenooi. Die gemeente is op die h/v Arend- en Flamink-straat, Morningstar.

## STEAKBRAAI 2017

**Datum:** 15 September om 19:00
**Plek:** Gemeentesentrum
**Koste:** R120 / persoon en R50 / kind

Daar is slegs 200 kaartjies beskikbaar, bespreek by (021) 975 6370.
*Onthou asb. jou eie eetgerei.*

## OPGRADERING VAN KLANKTOERUSTING

Hiermee wil ons net weer baie dankie sê vir elke lidmaat wat deelgeneem het aan die klankprojek, deur klawers te koop gedurende Augustus-maand. Dankie aan die lidmaat wat in die afgelope week vir ons die laaste R50 000.00 ten opsigte van die projek bygedra het. Die projek het die mooi bedrag van R100 000.00 geïn!

## BAIE DANKIE AAN ONS VRYWILLIGERS VANDAG

Kobus en Magda Agenbag, Andrew en Karin Kok, Mariette Marx, Christo en Nelia van Niekerk, Dalene Eloff, Charlie Meyer en Jacques de Klerk

## SPESIALE OFFERGAWE VANDAG – RICHARD BLACKFONDS

Hierdie fonds is ons gemeente se Uitreikfonds en word as 'n gebeurlikheidsfonds bestuur. Aansoeke vanaf individue of organisasies vir enige bedieningswerk word van tyd tot tyd ontvang en dan kan hulp vanuit hierdie fonds gebied word.

## LENTETEE 1 OKTOBER 2017

Almal word uitgenooi om lente saam met ons te kom vier op Sondag, 1 Oktober tydens 'n gesamentlike erediens om 09:00. Daarna gaan almal heerlik saam tee/koffie drink op die grasperk by die Kerkgebou. *Ons nooi spesiaal die kinders uit om na die poppekas te kom kyk!*

## FINANSIëLE POSISIE VAN DIE GEMEENTE

Aangesien die totale offergawes vir die 6 maande geëindig 31 Augustus 2017, beduidend laer is teenoor die ooreenstemmende tydperk vir die vorige jaar en huidige jaar se begroting, is die Kerkraad genoodsaak om dringende kostebesparingsmaatreëls te oorweeg vir implementering.

## SIG UITGAWE VIR DIE 3DE KWARTAAL

Neem asb. kennis dat die uitgawe vir die 3de kwartaal teruggehou word weens kostebesparings. Belangrike sake sal via die Bulletin gekommunikeer word.

## GEMEENTE STELLENBERG: FEESWEEK – REFORMEREND VORENTOE (5-12 NOVEMBER 2017)

Hier is inligting oor NG Gemeente Stellenberg se feesweek, van 5-12 November, rondom die Reformasie 500. Die tema is "Reformerend vorentoe" en die program sluit tafelgesprekke met bekende sprekers soos prof Piet Naudé, prof Michael le Cordeur en aarsbiskop Thabo Makgoba in. 'n Feesdiens, gelei deur prof Robert Vosloo van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch, vind plaas op So 5 November om 09:00.Die feesweek word afgesluit met 'n feeskonsert op So 12 November om 19:00, waar die bekende Zorada Temmingh en die US Konservatorium Kamerkoor olv Martin Berger optree.

## NA AANLEIDING VAN OU "WHATSAPP BOODSKAPPE" VAN 2012 WAT WEER DIE RONDTE DOEN OOR DIE NUWE AFRIKAANSE BYBELVERTALING.

Volgens die boodskappe gaan die naam van Jesus en God in die Nuwe vertaling verwyder word of met kleinletters gespel word. Die persoon wat dit begin het, is nie lid van 'n erkende kerk nie en ons verstaan nie werklik sy motiewe nie. Die boodskap het egter in 2014 'n stille dood gesterf toe die eerste proefuitgawe van die Nuwe Testament verskyn het en almal gesien het dat die boodskap vals is. Die boodskap het skielik weer lewe gekry soos dit maar met aanstuur boodskappe gaan.

Ek wys u graag op die volgende:
*Die Bybelgenootskap staan onder gesag van die erkende kerke in Suid -Afrika. Die kerke sal nooit toelaat dat God se naam oneer aangedoen word nie. Die Bybelgenootskap sal dit ook nie doen nie.*

Die Bybelgenootskap staan onder gesag van kerke. Feitlik al die Christelike kerke is lede van die Bybelgenootskap. Dit is in opdrag van die kerke dat daar weer na die vertaling van die Bybel gekyk word. Die Bybelgenootskap glo absoluut in die Drie-enige God en in die verlossing van Jesus Christus. Daar is net een God en dit is die Drie- enige God, Vader Seun en Heilige Gees. Daar is net een verlosser en dit is Jesus Christus. Op geen manier sal die Bybelgenootskap die gesag van God, die Heilige Gees en Jesus wil aantas nie. Lees gerus die ware feite van die nuwe vertaling op www.bybeldirektevertaling.co.za. Daar is reeds van die proefvertalings gepubliseer. Die Nuwe Testament en Psalms het reeds 2014 verskyn en indien u dit koop sal u vir uself sien.

Die naam van God word in die nuwe vertaling deurgaans met hoofletters gespel. Daar gaan slegs enkele tekste wees(sekere van die sogenaamde Messiaanse tekste), waar die oorspronklike Grieks en Hebreeus nie by hierdie paar spesifieke tekste hoofletters gebruik nie- ek dink dis 12. **(net soos dit in die 1983 vertaling gedoen is)**
Om dit 'n vertaling met integriteit te maak moet ons gehoorsaam wees aan die oorspronklike Grieks en Hebreeus. As ons uit ons eie aan die tekste gaan hoofletters gee wat nie daar is nie, tas ons die integriteit van die vertaling aan! Die integriteit van die vertaling is vir ons baie belangrik, want dit is God se Woord waarmee ons werk.
God en Jesus se naam in die Ou en Nuwe Testament word deurgaans met 'n hoofletter gespel soos dit hoort. Ons is hartseer oor iemand wat 'n wonderlike projek verdag maak vanweë hulle eie onkunde.

Ons sien ongelooflik uit na die betroubare, direkte vertaling van die oudste bronteks beskikbaar. Ons loof die Here vir die 140 kundiges wat op verskillende maniere daaraan werk. Kom ons bid eerder vir hulle dat die Heilige Gees hulle verstand en hand sal seën en sal vervul sodat God se Heilige Woord vir ons nageslag behoue sal bly!!

Bid elke dag vir hulle !

**Namens die Bybelgenootskap**

**Quintus Heine**